The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

BEELD SAKE 24 2016/08/08 Page: 15

AVE: 5022.12 (ZAR)

Tito Mboweni

# Tito Mboweni maak vuur in toerismebedryf

Die Toerismesakeraad van Suid-Afrika (TBCSA) het Tito Mboweni, 'n voormalige president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, as sy voorsitter aangestel.

Volgens die TBCSA deel Mboweni 'n "oormaat van leierskapservaring" van die akademie, die sakewêreld en die regering, wat die "rigting van die TBCSA positief sal beïnvloed".

Mboweni was tussen 1994 en 1998 die minister van arbeid in oudpres. Nelson Mandela se kabinet en was die eerste swart president van die Reserwebank, waar hy tien jaar aan die stuur was.

Mmatšatši Ramawela, uitvoerende hoof van die TBCSA, sê Mboweni sal die groei en ontwikkeling van die raad kan lei.

Mboweni sê hy is geëerd met die vertroue wat die toerismebedryf, soos deur die TBCSA verteenwoordig, in hom het, maar hy is bewus van die bedryf se uitdagings.

Hy sal egter die rol met "entoesiasme en ywer" vul en help om die bedryf verder te ontwikkel.